Saam boer ons vooruit
Farming together for success
www.laeveld.co.za



# Machno de Roubaix


## Area: Vredendal

**T: 074 182 0003 / E: machno@laeveld.co.za**


**Gewasse:** Aartappels, tafeldruiwe, sitrus
**Aanbieding:** Oesbeskerming, plantvoeding, presisiedienste

Machno de Roubaix is gebore in Calvinia in die Noord-Kaap, waar hy ook grootgeword en gematrikuleer het. Sy pa het vir 26 jaar by Landbank in Calvinia gewerk, maar het ook 'n stukkie grond gehuur waarop hy met skape geboer het. Machno is getroud en die trotse pa van 'n seuntjie en 'n dogtertjie.

Na skool het hy sy B.Agric-graad in Diereproduksie by Elsenburg Landboukollege in Stellenbosch verwerf. Hy het na sy studies as 'n Plaasbestuurder naby Tulbagh begin werk met gemengde boerdery vir ses jaar lank. Machno het gedurende hierdie tyd 'n passie ontwikkel vir die plantegroei-aspek van die boerdery.

Hy het drie jaar se ondervinding in die bemestingsbedryf, is BASOS gekwalifiseerd en tans besig met sy CropLife-kwalifikasies. Verder het hy ook ondervinding in sitrusprodukte, tafeldruiwe en groente.

Een van Machno se gunsteling-stokperdjies is jag. In sy vrye tyd geniet hy goeie geselskap van 'n braaivleisvuur, met enige iemand wat saam met hom by die vuur wil sit. Om na 'n lang dag in die veld by die huis te kom en die glimlagte van sy twee kinders te sien, maak hom verskriklik opgewonde.

**Machno gaan in die noordelike Sandveld tot by Trawal werk. Hy gaan hom toespits op aartappels, tafeldruiwe en sitrusprodukte.**

Sy mikpunt is om homself in dié gebied te vestig en Laeveld Agrochem tot nommer een uit te bou. "***Ek beplan om goeie verhoudings met my kliënte te bewerkstellig en vir hulle die nodige kennis en dienste na hul plase te bring. Só wil ek die verskil maak wat elke ander persoon aan hulle beloof, maar nie gee nie. Ek gaan veral op oesbeskerming, plantvoeding en presisiedienste fokus,***" sê hy.

**Laeveld Agrochem verseker opbrengs-optimalisering volgens elke produsent se spesifieke behoeftes.**
Ons gekwalifiseerde landboukundiges, wat ondersteun word deur 'n groot span tegniese spesialiste, het die kennis en kundigheid om met die volledige spektrum van gewasbeskerming, grondoplossings en plantvoeding, die beste advies te gee.